

# Hoe lyk die bruid van die Lam?

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:9-17, 22-27**  
**(1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Openbaring 21:9, 27**

Ons weet die kerk is die bruid van die Lam (Op. 19:7, 8). Alhoewel sy deur die bloed van Christus geheilig en geregverdig is, is die kerk nie volmaak nie. Sondes besoedel haar gedurig, daarom is daaglikse bekering en vernuwing nodig (Rom. 7:21 ev). Hierdie visioen gee ons 'n blik op die rein, volmaakte kerk eendag. Dis hoe ons eendag gaan wees!

Die bruid van Christus word met 'n pragtige stad (Jerusalem) vergelyk, wat uit die hemel neerdaal. Die kerk het haar oorsprong in God Drie-enig, sy daal van bo neer. Alles in die kerk is nou volmaak. Haar glas is soos kristalhelder opaal, veelkleurig, fassinerend en uitstralend. Die strate is van goud, smetvry. Die 12 poorte dra die name van die 12 stamme van Israel, kerk van die ou verbond (vs 12). Die poort-engele waarborg toegangsbeheer (Gen. 3:24). Die fondamentstene van die mure,

genoem na die 12 apostels, sien op die kerk van die nuwe verbond (vs 14). Die kerk en haar woonplek weerkaats die mooiste, waardevolste, uit die skepping, edelstene.

Woorddiens en offerrituele (Ou Testament) of Woorddiens en sakramente (Nuwe Testament) is onnodig, want God Self verlig en lei ons nou. Ons aanskou God. Liefde en innige gemeenskap tussen God en sy volk is nou die sentrum van alles. Daar kan ook nooit weer kwaad en boosheid binnesypel nie, want die Bose is vernietig.



Publikasie  
Publication



Nr./No.: E14